Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark Trinitas

Baie welkom by Trinitas!
Ons sien onsself as 'n verloste familie van diensknegte wat gestuur is.
Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!

SONDAG, 13 OKTOBER 2019

OGGEND 09:00

GOD VERNUWE ONS EN ROEP ONS OP OM 'N NUWE LIED TE SING

Skriflesing: Psalm 149

Ons het 'n groot skatkis van liedere wat ons sing in ons eredienste. Of ons alles tot eer van God sing, is 'n ander vraag. In Psalm 149 word ons opgeroep om 'n nuwe lied te sing. Hierdie psalm spreek ons aan oor die wyse wat ons sing en roep ons op om ons harte te ondersoek om tot God se eer te sing.

- God is goed vir sy volk

God is lief vir jou en het jou gered, daarom is God waardig om geprys te word.

- Sing 'n nuwe lied

Die wese van ons lied moet nie verander nie, maar die hart wat die lied sing, moet tot God aanbidding bring.

- Sing saam met die regverdiges

As gemeente erken en bely ons ons eenheid deur saam te sing. Die voorreg om saam te sing, is 'n kosbare gawe uit die hand van God.

AANDBYEENKOMS 18:00

'N HELPENDE HAND WAT SKADE DOEN

Hoe kan ek verseker wees daarvan dat my liefdeswerk tot opbou van die koninkryk is, en nie skade doen nie?

Preke beskikbaar in klank en teks by: www.gktrinitas.co.za

PROGRAM VIR DIE WEEK

AAN DIENS

Ouderlinge

Jacob Tromp, Ernst Eloff

Diakens

NF van Tonder, Tina J van Vuuren

KOLLEKTES

Onder die erediens vir Diakonale Kas

Vandag – Teologiese Studentekas

20 Oktober – Instandhouding van erediens

BELANGRIKE DATUMS VIR OKTOBER

20 Okt. Diakonievergadering

KONTAK ONS

www.gktrinitas.co.za

facebook.com/GKTrinitas

Kerkkantoor: Elsabé Muller

☎0169825017 / 0724874258

Skriba: Gerrit van Wyk 0711032110

Koster: Elsa Prinsloo 0794778699

Kassier: Emil Janeke 0798725286

Afloskoster: Vakant

Orrelis: Nannes v.d. Walt 0833041841

Bankbesonderhede van kerk:

Rek. naam: Geref. Kerk Vanderbijlpark Trinitas ABSA Tjekrekening 530340449

Diakonie bankbesonderhede:

ABSA Tjekrekening 530340457

Predikant: Peter Venter

☎0797338778, peter@gktrinitas.co.za

Besoek GK Trinitas se facebook-blad weekliks vir preekopsommings, GKSA nuus en afkondigings.

KINDER-EREDIENSBEGELEIDING

Kinders vanaf 3 jaar tot graad 4 is welkom om by die erediensbegeleiding aan te sluit wanneer die leraar hulle vorentoe roep. Petra Tromp: ☎0823316151.

God het 'n plan met Moses:
Moses in die mandjie

JEUGBEDIENING

Sondae 10:00: Graad 1 – 6

Sondae 16:30: Graad 7 – 11

LIEF EN LEED

- Doris Coetzee ☎0828205604 het 'n voetoperasie ondergaan. Sy het infeksie opgedoen in die wond en moet dalk 'n veloorplanting ondergaan. Sy verduur baie pyn en ongemak.
- Barbara Wasserman (Jenny Pieters ☎0832582314) is ontslaan uit die hospitaal. Sy is ernstig siek en baie swak. Voorbidding word vir haar gevra.
- Henk Hangelbroek (Marie ☎0810722914) is in Emf. Medi-Clinic. Hy moet weer leer loop en is baie siek.
- Jan Swanepoel ☎0828422592 het twee kwaadaardige moesies laat verwyder. Hy verduur ook erge pyn in sy knie.
- Louw Vorster ☎0835021105 sterk tuis aan na sy heupvervanging.

- André Pietersen ☎0799710728 was in die hospitaal, maar is weer ontslaan.
- Ita Schrap ☎0768879456 se kankertelling is weer hoër. Sy wag vir goedkeuring vir chemo.

Geagte, liewe gemeente,
Ek wil graag langs hierdie weg vir elkeen van u wat tydens my ongesteldheid geskakel of op ander maniere gekontak het, maar in besonder vir elkeen van u se voorbede baie, baie dankie sê. Dit is 'n riem onder die hart om u liefde so te ervaar.
Na 'n bloed en ysteroortapping (26 September) gaan dit heelwat beter en vir die wat dalk wonder waar ek is, ek het vorige Sondag op Heilbron gepreek en hierdie Sondag DV op Vaalpark en dan weer DV die 27e op Drie Riviere.
Ek is die Here dankbaar dat Hy my daartoe krag gee en steeds gebruik.

Nogmaals liefdegroete in Christus
Ds. Henk

Voorbidding word vir alle lidmate gevra wat met pyn en beproewings worstel.

SIEKEBESOEK DIENSGROEP
Kontak James en Toetie Terblanche ☎0825723328 en ☎0718721741.

VERJAARSDAE:HARTLIK GELUK!

13/10	Anna de Klerk	☎0834064331
13/10	Sonja van der Schyff	☎0829407450
13/10	Johannes van Helden	☎0823922093
14/10	Lucienne Smit	☎0836653535
14/10	Adriaan Wiechers	☎0828778627
17/10	Rico Goodchild	☎0728647200
17/10	Jan Pelser	☎0828927433
17/10	Carlos Seiros	☎0762116648
18/10	Tina J van Vuuren	☎0837991810
18/10	Bea-Landi Lourens	☎0606106243
19/10	Toetie Terblanche	☎0825723328
19/10	Nannes van der Walt	☎0833041841

SPESIALE VERJAARSDAE
14 Okt. Adriaan Wiechers, 82.

HUWELIKSHERDENKINGS

13 Okt.	Niek en Jean Botes ☎0826718917	35 jaar

GEHOORAPPARATE
Agter in die kerk onder die trap. Vra gerus die klankman vir hulp.

NUWE LIDMATE
Kom ontmoet gerus die diensouderling na die erediens voor die preekstoel.

DIENSGROEPE
In die saal is daar plakkate met inligting. 'n Inligtingsboekie verskyn binnekort.

TEESKINK
Vanoggend skink Lynette Roelofse se groepie. Volgende Sondag skink Jorien Duminy se groepie. Hestie Venter ☎0836498372 is die sameroeper.

TRINITAS-BOEKHOEK
Verskeie boeke is beskikbaar agter in die saal om tuis te gaan lees. Franciska v.d. Merwe ☎0827818032.

ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR
Gert Visser ☎0834491036. Bydraes: Aksie Uitreik, ABSA, rek no. 9055971748

EVANGELISASIE – KONINGSKINDERS
Philip Snyman ☎0834681035,
Anne-Marie Snyman ☎0798756743 of
Christa Snyman ☎0798779882.

KOSPAKKIE DIENSGROEP
Kospakkies word maandeliks gepak en uitgedeel. Verskeie droë bestanddele en toiletware kan geskenk word of jy kan **'n kospakkie borg @R200 (wat alles insluit).** Jolani Lourens ☎0823359586.

Bied praktiese hulp vir verswakte of bejaarde lidmate, en enkellopende dames. NF van Tonder ☎0823356698.

DR. FRANS MINNIE
Afsprake kan deur die kerkkantoor gemaak word met Dr. Minnie (pastorale berader) **Maandae** by die kerk vir lidmate van Geref. gemeentes. Donasies: FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04, Takkode: 250-945.

DANKBAARHEIDSFONDS – VRYGEWIGE GENADE!
Ons is 'n *Verloste Familie Diensknegte wat Gestuur* is om die evangelie te bedien. Ons begroting en uitgawes mik om dit te laat gebeur. Ons wil ons huidige begroting laat werk, maar ook groter dinge aanpak waarvoor die Here ons in die toekoms mag roep. Ons vra vrymoedig dat almal wat Trinitas as hulle geestelike tuiste sien finansieel sal bydra tot hierdie dankbaarheidsfonds, groot of klein. Hierdie bydrae tot die dankbaarheids-fonds is addisioneel tot die maandelikse bydrae wat u reeds gee. Enige bydraes kan direk in die kerk se rekening betaal word of in die kollektesakkies geplaas word. Merk dit duidelik 'dankbaarheidsfonds'. Ons fokus in Oktober- en Novembermaande hierop, maar u is natuurlik welkom om enige tyd van die jaar tot die fonds by te dra.

BEJAARDEFUNKSIE
Alle **lidmate bo 75** word hartlik uitgenooi na die bejaardefunksie wat op 7 November om 11:00 by die kerk plaasvind. 'n Ligte middagete word voorsien. Antwoord asb. voor of op 27 Oktober by Harriet Labuschagne ☎0833047499, die kerkkantoor of skryf jou naam op die lys by die geel aansteekbord in die saal.

OP DIE KENNISGEWINGBORD
- GKSA nuus, Feba Radio, Geopende Deure, GK Durban (laaste erediens).

KLEIN ADVERTENSIES
- Theuns Odendaal ☎0832561387 verkoop 'n verskeidenheid produkte.
- Algemene herstelwerk, Renier de Beer ☎0748917646.
- Adri Geere ☎0769592923 benodig admin, sekretariële of kassierwerk.
- Offenbach's is oop op Dinsdae tot Vrydae, 09:00 tot 17:00. Franciska vd Merwe ☎0825167653.

TRINITAS WHATSAPP GROEP
Trinitas se Whatsapp groep word gebruik om vinnig nuus, gebeure, lief en leed te versprei. Dit gaan mettertyd ons SMS-stelsel vervang. Stuur gerus jou naam en nommer aan Maureen van Helden ☎0823922093 indien jy nog nie op die groep is nie.

DROOGTEHULP

Enige skenkings ten bate van droogtehulp kan by die kerk afgegee word. (Klere, komberse, nie-bederfbare, skoonmaakprodukte, kruideniers en persoonlike sanitêre produkte ens.) Kontak gerus vir Tannie Catharina Botes ☎0823350100 of kyk op ons WhatsApp groep vir die volledige lys. GEEN water nie.

DESEMBER KOSPAKKIES

Lekkergoed en koekies word benodig vir die Desemberkospakkies. Dit kan solank kerk toe gebring word. Baie dankie, Jolani Lourens ☎0823359586 .

Gereformeerde Kerk Trinitas
Inkomste en Uitgawe: September 2019
Gemeenteverslag

INKOMSTE

Beskrywing	Werklik	Begroot	Afwyking
Bydraes	R 143 195	R 147 500	R -4 305
Deurkollekte	R -	R -	R -
Rente Verdien	R 15 322	R 13 788	R 1 534
Berading	R 2 481	R 4 530	R -2 049
Inst. van Erediens	R -	R -	R -
TOTALE INKOMSTE	**R 160 998**	**R 165 818**	**R -4 820**

UITGAWES

Beskrywing	Werklik	Begroot	Afwyking
Woordverkondigers	R 60 958	R 60 556	R 402
Eredienste en Kunste	R 2 325	R 3 600	R -1 275
Toerusting en Opvoeding	R -	R -	R -
Versorging	R 6 495	R 6 495	R -
Toekomsspan	R -	R 150	R -150
Uitreikspan	R -	R 1 000	R -1 000
Administrasiespan	R 31 560	R 26 170	R 5 390
Salarisse: Personeel	R 22 351	R 22 698	R -347
Kerkkantoor	R 3 002	R 5 113	R -2 111
Ramings en Klassis	R 44 300	R 43 000	R 1 300
TOTALE KERK UITGAWES	**R 170 991**	**R 168 782**	

Trinitas Inkomste	R 160 998	R 165 818	
Trinitas Uitgawes	R -170 998	R -168 782	
Oorskot / (Tekort)	**R -10 000**	**R -2 964**	

Liquidity Plus as volg: September 2019

Liquidity Rente	R	29 452.23
Uitbreidingsfonds	R	71 893.18
Gasvryheiddiensgroep	R	18 797.82
Chris Buys	R	17 261.59
Studiebeurs	R	53 266.06
Projektor	R	2 610.48
Familieprojek	R	3 938.56
Springkasteel	R	779.48
Groeipyne	R	15 498.95
Toerusting & Opvoeding	R	1 500.00
Ander	R	7 431.00
Kermis WINS	R	43 000.00
BALANS	**R**	**265 429.35**

Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark Trinitas
Huisgodsdiensriglyn

13-19 Oktober

Lees saam: Lukas 18:9-14

Agtergrond:

Gebed speel ‘n belangrike rol in ons geloof. Ons bely dat dit die vernaamste deel van ons dankbaarheidslewe is. Tog is ons vol verskonings wanneer dit by gebede kom. Ek weet nie wat om te bid nie, ek weet nie hoe nie, my tong knoop, ens. Ons stel ongelukkig vereistes aan gebede wat ons vir onsself opmaak en wat nie uit die Woord uitkom nie. God eis opregtheid in ons gebede, daarom moet ons hele lewe biddend wees tot eer van God. In die gedeelte wat ons saamlees kry ons te doen met twee gebede met ‘n besondere fokus op opregtheid.

Vrae:

- Hoe lyk ‘n “goeie” gebed?
- Hoe vergelyk die gebede van die fariseër en die tollenaar met “goeie” gebede?
- Het God een van die twee gebede verhoor?
- Wat staan vir jou uit van die twee gebede en hoekom?

Bid:

- Eerlik
- Opreg
- Tot eer van God

Sing saam:

SB. 10-2